

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-2:7, 9 (7:7, 9)**

- 7 En Hy, van aardse goed ontbloot, / was by 'n ryke in sy dood;  
want Hy 't geen onreg ooit gedaan, / geen leu'n het uit sy mond gegaan.  
Dit het die Here self behaag / Hom te verbrysel. Toe sy plaag  
die diepste lydensgrond genaak, / het God sy kneg doodkrank gemaak.
- 9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;  
en aan Hom word met grotes mee, / met magtiges 'n deel gegee,  
omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood,  
en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 47:1, 4 (p. 240)**

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,  
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar  
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.  
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

### **Skrifberyming 9-3:1, 2**

- 1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig. / Liefde is die groot gebod!  
Liefde is ons steeds verskuldig / aan ons naaste en ons God.  
Ons wil u gebod bewaar, / maar ons struikel baie kere.  
Leer ons liefde vir mekaar, / maar bo al vir U, o Here.
- 2 Liefde doen aan niemand kwaad nie – / dis vervulling van die Wet.  
Dié gebod mag ons nie laat nie, / maar met ywer daarop let.  
Ons weet, ver is reeds die nag; / ken die tydsomstandighede –  
weldra breek die volle dag. / Wek ons, Heer, uit valse vrede!

**Gebed**

### **Skrifberyming 5-1:6, 7 (6:6, 7)**

- 6 Toe die offerwerk verby was, / na Gods hoë ordening,  
het die Heer, sy daad deurgrondend, / uitgeroep: “Dit is volbring!”  
En, die hoof omlaag gebuig, / het Hy sterwend dit betuig.
- 7 Laaste en luide roep van Jesus, / en dan skei Hy uit die vlees:  
“Vader, in u veil'ge hoede, / in u hande ontvang my gees.”  
Aardse en helse raserny / snel ontwykend, is Hy vry.

**Skriflesing:** Lukas 23:26-56; Romeine 6:1-14;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 16:40-43

**Kernverse:** Lukas 23:44-46; Romeine 6:6, 12

**En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur toe; en die son is verduister; en die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur. En Jesus het met**

**'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor!  
En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.**

**(Lukas 23:44-46 AFR53)**

**Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.**

**Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. (Romeine 6:5-6, 12 AFR53)**

## **Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood verneder het?**

*Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).*

*(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.*

**Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?**

*Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).*

*(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.*

**Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?**

*Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).*

*(a) Mark 8:37; Ps 49:5. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.*

**Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**

*Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie (b), maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).*

*(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.*

**Tema: Jesus Christus het ons laaste vyand ons dienskneg gemaak**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die meeste van ons het al 'n begrafnis bygewoon. Dit is gewoonlik by 'n begrafnis wat 'n mens begin nadink oor die dood en wat daarna met 'n mens gebeur. En wanneer mens oor die dood nadink, kom daar vrae by 'n mens op. Vrae soos hierdie: Waarheen gaan 'n gelowige wanneer hy sterf, wat gebeur met hom? 'n Mens vra sulke vrae, omdat die dood vir ons iets onbekends is. Hoewel ons al baie van die dood gehoor het, bly dit steeds vir ons 'n onbekende werklikheid. Ander mense het weer 'n vrees vir die graf. By hulle kom allerhande aaklige gedagtes op van wat met die liggaam onder die grond gebeur. So kan ons aangaan en nog baie meer vrae en vrese by hierdie lysie voeg. Maar dit gaan ons nie doen nie. Ons wil eerder dat die Heilige Gees ons vanuit die Skrif troosvolle antwoorde op ons vrae gee.

Jesus Christus, die Seun van God wat mens geword het, het werklik in ons plek gesterf. Hy was nie 'n martelaar nie, want Hy het sy lewe vir ons afgelê (Joh 10:17-18). Hy is ons Middelaar. Hy is nie net vir ons mense 'n voorbeeld van hoe 'n mens moet lewe om salig te word nie. As Christus vir ons nét 'n voorbeeld was, moes ons almal martelare geword het. In werklikheid beteken dit dat ons dan iets moes doen en moes sterf om salig te word; ons moes dan soos Jesus Christus gelewe en gesterf het. En dit kan ons nie doen nie, want Hy is nie net 'n goeie mens wat 'n regverdige en mooi lewe gelei het nie; Hy is ook

waaragtig God. Niemand van ons kan soos God wees en lewe nie.

Geliefdes, laat ons net eers ons gedagtes verfris. By Sondag 5 het ons gevra: **Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons soek?** Daarop antwoord ons: **So een wat 'n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.** In Sondag 14 bely ons dat Christus se heilige ontvangenis en geboorte vir ons betekenisvol is, **omdat Hy ons Middelaar is** waarna ons moes soek. Hy is ware mens en ware God. En hier in Sondag 16 kom ons by die kern van Christus se middelaarswerk uit. Jesus Christus moes Homself in ons plek tot in die dood toe verneder het.

Jesus Christus se dood was 'n moet. Let op hoe word die vraag gestel: **Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood verneder het? God se geregtigheid en waarheid eis** die mens se dood.

Toe Adam en Eva destyds in die paradys was, het God gesê:

**Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.** (Genesis 2:16-17 AFR53)

Ons ken die geskiedenis. Adam en Eva het van die vrugte van daardie boom geëet. Hulle het God se bevel oortree. Hulle het sonde gedoen. Hulle moes daar en dan sterf, die ewige dood sterf, maar hulle het nie. Hulle het wel geestelik gesterf. Die verhouding met God is verbreek, want hulle het God nie meer so liefgehad soos aan die begin nie. En omdat hulle geestelik gesterf het, is die pad betree wat kan eindig in die liggaamlike en ewige dood.

Elke mens kan net vir sy eie sondes sterf. Die Here sal nie die een mens vir die sondes van 'n ander mens straf nie (Eseg 18:1-4). Buitendien kan geen mens vir ander mense se sondes betaal nie. Maar ons God is genadig. Hy het sy eie Seun gestuur en Hom mens laat word, want die mens moet vir die sonde sterf. God sien geen sonde oor nie. Die mens moet vir al sy sondes sterf. God is regverdig wanneer Hy die dood van die mens eis. Ons kan God se regverdigheid so verstaan: Wanneer 'n pa of ma vir 'n kind sê: Moenie in die water mors nie anders kry jy 'n pak slae. En die kind gaan en mors tog in die water en hy kry dan 'n pak slae of raas, is die pa of ma mos nie onregverdig nie. Die kind is mos voor die tyd gewaarsku. Net so is God regverdig wanneer Hy die dood van die mens eis. Die mens is mos voor die tyd gewaarsku dat hy sal sterf as hy sonde doen.

Daarom het Jesus Christus wat ware God en ware mens is Homself tot in die dood verneder. God se geregtigheid eis die dood van die mens. God se waarheid eis ook die dood van die sondaar. As Jesus Christus nie gesterf het nie, is God mos 'n leuenaar. Dan het Hy vir Adam en Eva mos maar net bang gepraat; hulle sou nie regtig sterf nie. Geliefdes, mag die Heilige Gees ons daarvan bewaar om sulke onheilige gedagtes oor ons God te hê. As God gesê het 'n ding gaan gebeur, dan sal dit beslis gebeur. Hy praat net die waarheid. As God gesê het die mens sal sterf, dan sal hy sterf; daar is nie eers 'n kwessie daaroor nie.

Daarom moes Jesus Christus sterf – Homself tot in die dood verneder. En Hy het dit in ons plek gedoen. Die ewige dood wat u en ek moes sterf, het Jesus Christus aan die kruis gesterf. Hy is deur sy Vader verlaat tydens daardie drie ure van duisternis aan die kruis en Hy het helse pyn en smart gely. So het ons verlede Sondag gehoor. Jesus het al ons sondes op Hom geneem. Hy het Homself 'n sondaar laat maak terwyl Hy geen sonde het nie. Hy wou vir ons sterf, want alleen deur sy dood kan Hy ons van die sonde en ewige

dood verlos. God se geregtigheid en waarheid het dit geëis.

Liewe broers, susters en kinders, hierdie dinge het die gelowiges nie uit hulle duime gesuig nie. Die Heilige Gees getuig hierdie dinge in die Skrifgedeelte wat ons saam gelees het. Jesus sê self:

**Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.** (Lukas 23:46 AFR53)

Jesus Christus sterf uit sy eie. Hyself lê sy lewe af. Niemand neem sy lewe van Hom af weg nie. Hy doen dit gewillig en Hy doen dit omdat Hy moet, want dit is die opdrag wat die Vader Hom gegee het om te doen. Alleen deur sy dood kon Hy vir al ons sondes ten volle betaal. Hy het vir al ons sondes betaal, want Hy het die volle dood, die ewige dood, in ons plek gesterf. Sy begrafnis is die bewys daarvan.

Jesus het die laaste trap van sy vernedering ook afgegaan. Hy is begrawe, want Hy was werklik dood. Die soldate by die kruis wou nog sy bene breek om sy dood te versnel, maar toe hulle by Hom kom, was dit verby. Jesus het reeds gesterf. Maar een van die soldate het uit naakte wreedheid sy spies in Jesus se sy ingesteek. Daar het dadelik bloed en water uitgekom en nie net skoon bloed soos wanneer iemand nog lewe nie. Al die mense daar by die kruis en die wat daar verbygeloop het, het gesien Hy is dood. Josef van Arimatea het ook gesien Hy is dood, want hy het Jesus die laaste trap van sy vernedering afgedra. Hy het Jesus se liggaam in die graf neergelê. Die graf van Jesus Christus is die teken en seël wat God gegee het sodat almal verseker kan weet dat Jesus Christus regtig gesterf het. Hy was dood ... dood ... dood.

En Hy het opgestaan. Die dood het nie sy mag oor Jesus behou nie. Die duiwel kon die Seun van God deur die hande van die Jode en die Romeine nie vir goed uit die weg ruim nie. Jesus Christus het die dood heeltemal oorwin. Hy het die dood letterlik platgevee en die duiwel 'n nekslag toegedien. Hy het die slang van ouds se kop vermorsel. Nou sal die dood nooit meer enige gelowige kan vashou nie. Die duiwel het nie meer die mag oor die dood nie. Jesus Christus sê self aan Johannes in die gesig op Patmos:

**En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.** (Openbaring 1:18 AFR53)

Hy het nou die mag en gesag oor die dood.

Geliefdes, niemand van ons hoef nou meer bang te wees vir die dood of die graf nie. Die dag wanneer 'n gelowige sterf, sterf hy nie om vir sy sondes te betaal nie. Jesus Christus het klaar daardie skuld van ons by God vereffen met sy dood. Trouens, die dood is nie 'n moet vir die mens soos dit vir Christus 'n moet was nie. Daar was in die Ou Testament al gelowiges wat nie gesterf het nie. Henog en Elia is lewend deur God in die hemel in opgeneem. Daar sal in die Nuwe-Testamentiese tyd ook mense wees wat nooit sal sterf nie. By die wederkoms van Christus sal die gelowiges wat nog nie gesterf het nie in 'n oogwink verander word (1 Kor 15:52). Die sterflikheid sal uit hulle weggeneem word en hulle sal in liggaam ook onsterflik wees om vir ewig in liggaam en siel saam met God te bly lewe.

Maar tot op daardie laaste dag – die dag van Christus se wederkoms – sal daar nog mense doodgaan en begrawe word, gelowige mense ook. Tot en met die wederkoms van Christus bly die dood en begrafnis van mense vir ons die pynlike herinnering dat Christus nog nie gekom het nie. Maar as gevolg van Christus se dood en opstanding het die dood vir die gelowige nou 'n ander karakter. Die dood het nie meer die krag om 'n gelowige vas te hou nie. Jesus Christus het die kettings van die dood met die ewige lewe stukkend geslaan. Hy het die sleutels van die dood.

Nou kan 'n gelowige die dood met vreugde en blydskap tegemoet gaan. Die gelowige het die versekering dat hyself nie sterf nie, maar hy sterf die sonde af. 'n Gelowige wat gesterf het, kan nooit meer sonde doen nie. 'n Gelowige wat nog lewe, u en ek, kan nog sonde doen, maar nie 'n gelowige wat gesterf het nie. Die sonde kan 'n gelowige wat gesterf het ook nie meer verhinder om gemeenskap met Christus te hê nie.

Verder het die dood vir die gelowige nou 'n deur geword. Aan hierdie kant van die graf mag die dood nog soos 'n donker gat lyk. Maar dit lyk net so as gevolg van ons sonde. Wanneer die Heilige Gees ons geloofsoë oopmaak, sien ons die dood is eintlik 'n deur. Ons gaan by die dood in om by Christus uit te kom. Jesus sê mos vir die misdadiger saam met Hom aan die kruis:

**Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.**  
(Lukas 23:43 AFR53)

'n Gelowige gaan na sy dood na Christus toe, hoewel dit nog net gedeeltelik is. Elke gelowige wat sterf se siel is oombliklik by Christus.

Ons het netnou nog gehoor dat 'n gelowige nie self sterf nie. Daardie self is die siel wat by Christus lewe. Die liggaam sterf wel en word in 'n graf neergelê. Maar die graf is ook nie meer net 'n gat in die grond waarin die liggaam sal vergaan nie. Die graf is 'n wagkamer vir die liggaam van elke gelowige. En daar sal ons liggeme wag vir die laaste dag wanneer Christus weer kom. Elke gelowige se siel sal op daardie dag met sy eie liggaam verenig word. So sal elke gelowige mens met sy eie liggaam en eie siel op die nuwe aarde saam met God lewe tot in ewigheid. Maar hieroor sal ons meer hoor by Sondag 17 en 22.

Hoe kan ons van hierdie dinge seker wees, geliefdes? Jesus Christus is die waarborg vir ons. As Hy nie op aarde gelewe, gesterwe het en begrawe is en opgestaan het nie, sou die graf en die dood vir alle mense maar net die voorspel gewees het van die ewige dood. Maar Jesus Christus het opgestaan en Hy lewe tot in ewigheid. Vandag, soos elke Sondag, vier ons die opstanding van Christus. Hy het die graf oopgebreek. Die graf is nie 'n doodloopstraat vir ons nie. Die dood is nie die einde nie. Die dood is die begin van ons nuwe lewe in sy volheid – 'n lewe saam met Christus vir ewig.

Maar die dood en begrafnis van Christus het nie by ons eie dood eers 'n betekenis vir ons nie. Reeds in hierdie lewe duskant die graf is daar vir ons 'n groot betekenis in die dood en begrafnis van Christus.

Almal van ons is gedoop. Die doop is teken en seël daarvan dat ons deel het aan die dood van Christus. Ons ou mens, die mens wat in opstand is teen God en ons eintlik reguit na die ewige dood toe saamgesleep het, is deur Christus se krag saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Dit is nie die doop op sigself wat ons laat deel kry het aan die dood van Christus nie. Deur Christus se krag het ons daaraan deel. Die Heilige Gees wat die geloof in ons werk, oortuig ons dat die ou mens saam met Christus op Golgota gekruisig is. Om die waarheid te sê, ons ou mens is saam met Christus aan die kruis vasgespyker.

Ons ou mens is in beginsel reeds dood. In beginsel is hy dood, maar so nou en dan kry hy weer lewe hier binne-in ons wanneer ons aan ons eie sondige begeertes en die wêreldse verleidings toegee. Dan doen ons weer sonde. Omdat ons dankbaar is dat Christus ons ou mens aan die kruis doodgemaak het, gaan ons keer dat die sonde weer die oorhand in ons lewe kry.

Hoe gaan ons dit regkry? Deur positief ons liggaam in diens van God te stel. En negatief

deur nie toe te laat dat die sonde weer oor ons heerskappy voer nie. Ek gaan nou daadwerklik die sondige gedagtes by my aan die kruis vasslaan. Die sondige woorde wat ek wil sê, gaan ek doodmaak nog voordat dit op my lippe gekom het. Die sondige daede by my gaan ek so diep begrawe dat daar geensins kans is dat hulle weer lewe kan kry nie. Geliefdes, dit is 'n pynlike operasie, want van nature is ons eerder geneig om ons sondige gedagtes, begeertes en daede te vertroetel.

Kom ons sê reguit vir mekaar wat ons graag doen. Ons vat ons ou mens wat eintlik al gekruisig is in ons arms. En ons wieg hom en troos hom en sê: Ag toe maar, jy is nie regtig so sleg nie. En ons streef nog sy koppie. Maar dit is gevaarlik om die ou mens met sy sondes te vertroetel. Want die geringste kans wat ons die ou mens gee om aan ons pinkie te trek, pluk hy ons om en trek ons weer plat.

Geliefdes, weet u, as ons die ou mens met sy sondes begin vertroetel, is ons eintlik besig om Christus se dood en begraving waardeloos en vrugteloos te maak. Dit doen ons net omdat ons te bang is en dit te seer is om vir onself te sê hierdie gedagtes of daardie woorde is sonde by ons. Maar die Heilige Gees staan ons by. Ons kan en moet die sonde afsterf al is dit ook hoe pynlik.

Broers, susters en kinders, Jesus Christus het reeds ons laaste vyand, die dood, eintlik ons dienskneg gemaak. Ons hoef nie meer bang te wees vir die dood nie. Christus het die ewige dood vir ons gesterf. Ons dood is nou net 'n deur waardeur ons na Christus toe gaan. Die dood wat ons so graag in sy kloue gevange wou hou, is nou ons dienskneg. Hy staan en maak vir ons die deur oop om by Christus te kom. En ons liggeme gaan net in die graf – ons wagkamer – lê totdat Christus kom. En nou, tot en met die dag van ons dood wanneer ons die sonde finaal afsterf, kruisig, dood en begrawe ons alle sondige gedagtes, woorde en daede wat by ons opkom.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 69:12 (p. 345)

- 12 Al is ek, HEER, in pyn en nood, / u hulp sal soos 'n skild verrys! / Daarvoor bring ek U lof en prys, ek maak U in my danklied groot. / Dit sal die HERE allermees / as offer welgevallig wees.
- 13 Sagmoediges sal dit aanskou / en bly wees as hul dit beleef. / Laat dié wat hul tot God begeef, herleef, met frisse krag bedou. / God hoor hul wat behoeftig is / en kwyn in die gevangenis.
- 14 Laat aarde en hemel Hom dan prys, / die see en al wat dit deursweef! / Want God sal Sion laat herleef, en Juda's stede sal herrys. / Dan vind Gods volk 'n erfdeel weer / en wonings wie sy Naam vereer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
9 Februarie 2014